# DIE FISCHER-WONING EN -SWEMBAD IN BEAUMONTSTRAAT 12, JOHANNESBURG: SIMBOOL VAN RASSEHARMONIE IN APARTHEID-SUID-AFRIKA

**Hannes Haasbroek**[1]

***Abstract***

*Bram Fischer (1908-1975), well-known struggle activist and one time leader of the South African Communist Party, challenged the apartheid consciousness of the Afrikaner fundamentally and totally. Consequently in 1966 he was served with a lifelong jail sentence, but in 1975, after being diagnosed with cancer, he was permitted to spend his last days in his brother's house in Bloemfontein. Interestingly enough, his house in Johannesburg, as well as the swimming pool at a time when such amenities were rather uncommon at private homes, contributed to the public declaration of his struggle sentiments. The Fischer house and swimming pool, where both black and white were welcome, certainly emphasises the meaning of non-racialism at a time when such a thing was largely unthinkable in a wealthy white suburb in the apartheid era. As a result the Fischers had to tread warily in handling the thorny question of an "open" house and swimming pool in those years, while the profusion of visitors obviously had an inhibiting effect on their family cohesion, privacy and life style.*

## 1. INLEIDING

Nie alleen was die woning in Johannesburg van die bekende *struggle*-ikon Bram Fischer (1908-1975) gedurende die apartheidsjare 'n gesellige bymekaarkomplek vir linksgesindes en aktiviste nie, maar die bou van 'n swembad by hulle woning het die tendens bevorder. Ofskoon indringende politieke gesprekke en persoonlike vreugdevolle samesyn by die Fischer-woning gedy het, was daar ook tye wat dié gesin deur diep waters gegaan het en 'n somber wolk oor die huishouding gehang het.

Wat nadruklik in die artikel uitgelig word, is veral dié swembad se simboliese betekenis van nierassigheid in 'n tyd toe so iets grootliks ondenkbaar was. Hoe die Fischers die netelige kwessie van 'n "oop" swembad in die apartheidsjare hanteer het, asook die stremmende invloed wat die toeloop na hul huis en swembad op die gesin se samesyn, privaatheid en lewensomstandighede gehad het, sal aangedui word.

Die Fischer-swembad het selfs opgeduik in Bram Fischer se verhoor in 1966 op aanklag van onder meer sabotasie en kommunistiese bedrywighede toe 'n getuie

1 Historikus, Nasionale Museum, Bloemfontein; Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat. E-posadres: history@nasmus.co.za

melding gemaak het van "onbetaamlike" partytjies by die Fischer-woning en -swembad – kennelik om hom in die verhoor te beklad.

Die Fischer-familie was ywerige briefskrywers (onder meer tussen Bram en sy vrou Molly aan die een kant en sy ouers aan die ander kant) en hulle daaglikse lief en leed in gesinsverband by hul woning, asook die swembad-sage vanaf sy oprigting en gebruik daarna, ontvou hierin. Aangesien die swembad so 'n inherente deel van Bram, Molly en hulle kinders (Ruth, Ilse en Paul) geword het, is dit geen wonder dat hulle graag daaroor geskryf het nie.

Wie is die enigmatiese wêreldbekende *struggle*-ikon Bram (gedoop Abram) Fischer? In 'n neutedop: Hy is in Bloemfontein gebore, het daar grootgeword en aan die bekende Bloemfonteinse seunskool, Grey-kollege, gematrikuleer. Bram Fischer was deel van 'n bekende Bloemfonteinse Afrikanernasionalistiesgesinde familie. Sy pa, Percy (seun van Abraham Fischer wat eerste minister van die Oranjerivier-kolonie en minister in die eerste Uniekabinet was), was 'n regter-president van die Oranje-Vrystaat. Sy ma, Ella, was 'n vooraanstaande gemeenskapsleier, Engels-sprekend (later kon sy goed Afrikaans praat) en die dogter van die besonder wel-gestelde en bekende Bloemfonteinse sakeman, Gustav Fichardt. Later, na verdere studies in Kaapstad, aan die Grey-universiteitskollege (vandag die Universiteit van die Vrystaat) in Bloemfontein en aan Oxford (1932-1934) het hy hom in 1935 as advokaat in Johannesburg gevestig.[2]

Teen 1942 het Bram Fischer hom finaal met kommunisme vereenselwig en het later leier van die verbode Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) geword. Bram het as *struggle*-aktivis hom beywer om die NP-regering tot 'n val te bring. Hy het ook as advokaat openbare leiersfigure in die ANC en die SAKP in die belangrikste politieke verhore in die 1950's en 1960's verdedig. Veral gedurende die Rivonia-verhoor (1963-1964) het hy wêreldwyd groot bekendheid geniet. Deur sy vernuf as verdedigingsadvokaat het Bram 'n leidende rol gespeel deur te verseker dat Nelson Mandela en sy mede-aangeklaagdes 'n lewenslange vonnis en nie die doodstraf gekry het nie.

Bram Fischer het in 1965 ondergronds gegaan. Elke dag wat hy ondergronds op vrye voet verkeer het, is deur swart en wit aktiviste as 'n simboliese oorwinning vir die *struggle* beskou. Hy is uiteindelik deur die veiligheidspolisie opgespoor. Vanweë verdoemende getuienis oor sy ondermynende kommunistiese aktiwiteite is hy die daaropvolgende jaar tot lewenslange tronkstraf gevonnis. Die regter het geoordeel dat Fischer al sy dade as toegewyde kommunis gepleeg het om wit heerskappy omver te werp sodat die swart gemeenskap bevry kon word. Die plaaslike tronk in Pretoria was voortaan sy tuiste.[3]

2 H Haasbroek, "Terug op die spore van Bram Fischer", *Volksblad* (BY), 31 Mei 2008, p. 25.

3 S Clingman, *Bram Fischer – Afrikaner revolutionary* (Kaapstad, 1998), p. 401; M Meredith, *Fischer's choice – A life of Bram Fischer* (Johannesburg, 2002), p. 144; G Ludi en B Grobbelaar,

In 1975 is hy, deurtrek van kanker, om menslikheidsredes toegelaat om sy laaste dae by sy broer in Bloemfontein deur te bring.[4]

## 2. BEAUMONTSTRAAT, JOHANNESBURG, 'N OASE VIR LINKS-GESINDES

Voor die swembad sy verskyning op Bram Fischer se erf gemaak het, sou sy woning in Beaumontstraat 12, Oaklands, Johannesburg, reeds 'n gesellige bymekaarkomplek vir linksgesindes en aktiviste van alle rasse wees. Die sosiale waarde van 'n swembad sou vanselfsprekend bydra om die tendens te verstewig.

Dit was die advokaat se hartsbegeerte om na sy troue in 1937 met Molly Krige aan sy vrou 'n ware tuiste te bied. Aanvanklik het hulle hul eers in 'n woonstel in Johannesburg bevind. Saam met hartseernuus, maar ook 'n tikkie vreugde, het dinge in plek geval. Oupa Abraham Fischer se oorlede "moedervoog" in Kaapstad se dogter, Maggie (Bram se peetma), is oorlede. Aan Bram is 'n groterige erfporsie van nagenoeg £2 000 nagelaat. Hy het nou genoeg fondse gehad om 'n erf in Oaklands vir £1 000 te koop en te betaal dat 'n huisbouery, wat £1 804 sou beloop, aan die einde van 1938 aan die gang kon kom.[5]

Die bouery het fluks gevorder. Middel-Maart 1939 kon Bram 'n huisdaknatmaak vir die werkers hou. Hy het gellings bier en as nagedagte 'n bottel whisky voorsien, om net tot sy verbasing uit te vind dat hulle Skotte is. "We should simply have sent them a bottle of whisky a piece & left all fancy drinks alone," het Molly hul wens verwoord.[6]

In April 1939 het Bram en 'n swanger Molly hul nuutgeboude dubbelverdieping droomhuis in Beaumontstraat in die noordelike voorstede van Johannesburg betrek.[7] Beide Bram en Molly was lief vir tuinmaak en sou inspring om die Beaumontstraat-tuin in 'n lushof te omskep.[8]

Bram Fischer was sy tyd ver vooruit. Verreweg die meeste Afrikaners was in sy leeftyd oortuig dat die volk sonder een of ander vorm van apartheid deur die ontsaglike swart meerderheid verswelg sou word. En dat dit onvermydelik sou lei tot die vernietiging van die Afrikaner se duur verworwe reg tot nasionale self-

*Die verbasende Bram Fischer* (Kaapstad, 1966), pp. 143-147; N Gordimer, "The Fischer case," *The London Magazine* 5(12), Maart 1966, pp. 22-30.

4 H Haasbroek, "Die laaste 60 dae van Bram Fischer", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 33(3), Desember 2008, pp. 91-94.

5 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band 653/1/3, lêer 1. B Fischer – P Fischer, 25 November 1938; 15 Desember 1938.

6 *Ibid*., band 653/2/1, leêr 4. M Fischer – E en P. Fischer, 18 Maart 1939.

7 *Ibid*., band 653/1/3, lêer 2. B Fischer – P Fischer, 28 April 1939.

8 *Ibid*., lêer 3. B Fischer – P Fischer, 4 April 1940.

beskikking. Daar was allermins plek in Afrikaner-dampkringe vir die ideologiese denkrigting van 'n kommunistiese Fischer waarin nie-rassigheid bepleit is.

Soos die tentakels van apartheid al dieper en dieper in die Suid-Afrikaanse samelewing ingesny het, het die Fischer-huis in Beaumontstraat 12 al hoe meer 'n ware tuiste, 'n oase, vir politiekgenote, vriende en kennise uit alle rassegroepe geword wat die ideaal van 'n veelrassige wêreld nagestreef het.[9] Mitchison skryf oor dié toedrag van sake: "It was a house which gave itself to hospitality … Within its ambience, people blossomed; black and white were able to talk with one another and be friends; the freedom which he and his comrades worked for was, for a time, real."[10]

Bram se huis het voorwaar die bymekaarkomplek van swart en wit linksgesindes geword en sy gesin is by hierdie bedrywighede betrek.[11] Tereg het George Bizos in sy outobiografie *Odyssey to freedom* opgemerk: "Everyone knew that Bram and Molly were absolutely committed to the struggle."[12] Nelson Mandela sou opdaag, gemoedelik, maar tog formeel en effens afsydig. Kommuniste soos Moses Kotane en Michael Harmel, die Bernsteins, die Slovos en die Hodgsons het gereeld gesig gewys.[13]

Tussen Bram en Mandela het 'n hegte vriendskap ontwikkel. "We embraced each other as brothers," sou Mandela verklaar en die advokaat onthou as een van die "bravest and staunchest friends of the freedom struggle".[14] Die Fischer-kinders het veral van Walter Sisulu gehou; hy het hulle aan oupa Percy laat dink.

Die Fischers was inderdaad bekend vir hulle gulhartigheid, nie net wat betref *struggle*-genote nie, maar ook teenoor familie, vriende en kennisse wat kom kuier het of om een of ander rede onderdak nodig gehad het. Hulle is met die nodige tradisionele Afrikaner-gasvryheid ontvang.[15] Toe die bekende Afrikaanse skrywer en digter Uys Krige (Molly was sy niggie) na die Tweede Wêreldoorlog langer in Egipte moes vertoef, het sy vrou, Lydia, 'n geruime tyd by die Fischers op hul uitnodiging gewoon. Krige het Bram soos 'n broer geken en hom soos 'n broer leer liefkry, "want 'n mens kan nie anders nie, hy was die ene goedheid".[16] Bram se suster, Ada, het Molly dié pluimpie gegee: "You and Bram are such nice people to go and 'kuier'."[17]

9 N Mitchison, *A life for Africa – The story of Bram Fischer* (Londen, 1973), p. 69.
10 *Ibid.*, pp. 120-121.
11 Meredith, p. 35.
12 G Bizos, *Odyssey to freedom* ( Houghton, 2007), p. 285.
13 Clingman, p. 223.
14 N Mandela, *Long walk to freedom* (Londen, 1995), p. 104.
15 Clingman, p. 220.
16 *Rapport*, 6 Mei 1973.
17 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band 653/5, lêer 7. A de Villiers – M Fischer, 22 Februarie 1938.

Wit en swart kon dus by die Fischer-huis na hartelus gesels en vir ’n wyle die vryheid beleef waarna gestrewe is. Dit was “a home with no racism,” het Ruth ook in herinnering geroep.[18] Politieke gesprekke het vanselfsprekend by die Fischers se woning gedy. Vele kinderpartytjies is ook aangebied en fondsinsamelingsprojekte bespreek om die *struggle* te bevorder. Vir Bram was dit nooit moeite om swart besoekers per motor na hul sogenaamde lokasies te neem nie, al het dit heelwat van sy tyd in beslag geneem.[19]

Die jaarlikse dansparty wat Bram en Molly gewoonlik vir die linksgesinde koerant *The Guardian* aangebied het, het maklik 200 gaste getrek.[20] Om nie eers te praat van die geselliGhede om die Russiese Revolusie te herdenk nie. So is op 6 November 1949 die 32ste herdenking daarvan in die Fischer-huis onder beskerming van die Russiese konsul gevier.[21] Met weer ’n dansparty in die vooruitsig aan die begin van April 1950, het Molly haar skoonma hartlik bedank dat sy hulle vir die Paasnaweek in Bloemfontein sou ontvang, want dit sou Bram die wêreld se goed doen omdat sy werksprogam weer besig was om hom totaal uit te put. Hierdie danspartytjies, skryf Molly in ’n stadium, laat hulle slaap verloor en die huis het gewoonlik daarna vir weke onnet gelyk.[22]

Ook die aanneem van ’n swart kind, Nora Mlambo, deur Bram en Molly, was uiters ongewoon vir die tyd waarin hulle geleef het. Later sou die vertolking van rassewetgewing natuurlik so iets verbied.[23]

Nora was min of meer Ilse se ouderdom en die kind van die Fischers se bediende, Mary Mlambo, se suster wat oorlede is. Daar moes vir Nora ’n heenkome gevind word. Uit die goedheid van hul hart en gesien in die lig van hul progressiewe wêreldbeskouing, het Bram en Molly spontaan tot dié besluit gekom. Sy het ’n kamer met Ilse gedeel. Nora is in alle opsigte soos ’n eie kind in hul huis saam met hul ander kinders grootgemaak. Sy het Bram en Molly op hul voorname genoem. Desondanks, so het huisvriende van die Fischers later getuig, was dit altyd of Nora ontuis in die wit Fischer-huishouding was, des te meer wanneer daar gaste was.

Vanselfsprekend het die Nora-geval ongemaklikhede in apartheid-Suid-Afrika geskep. Nora se tante was immers die bediende in die Fischer-huis waar sy gebly het en sy en Ilse moes aparte skole bywoon. Met die nodige verduidelikings en welwillendheid is struikelblokke oorkom.[24] Natuurlik was daar diegene, veral die

18 *Love, communism, revolution and Rivonia Bram Fischer*’s *story* (DVD – M-Net), 24 September 2007.
19 Meredith, p. 35.
20 Clingman, pp. 224, 262.
21 Meredith, p. 35.
22 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), A653/2/2, lêer 1. M Fischer – E Fischer, 27 Maart 1950.
23 *Dagbreek*, 8 Mei 1966.
24 Onderhoud: Ilse Wilson (née Fischer) & Ruth Rice (née Fischer), Bloemfontein, 4 Mei 2007.

skinderkouse, wat dié toedrag van sake as 'n onheilige kommunistiese eksperiment afgemaak het en as niks anders gesien het nie as 'n poging om die regering te tart.[25]

Bram het in Beaumontstraat gewoonlik voorsorg getref dat sy kinders saam met Nora in die kombuis eet, terwyl die groot mense in die eetkamer is, om enige ongemaklikheid vir sy ouers te vermy.[26]

## 3. DIE FISCHER-SWEMBAD

In Maart 1954 het Bram en Molly 'n swembad by hulle huis laat bou, iets wat nog nie so algemeen in daardie jare was nie. Dit was egter in ooreenstemming met die groot toename in die 1950's van die aanbring van 'n privaat swembad in die tuin of agtererf van wonings in die VSA.[27]

Bogenoemde gasvryheid van die Fischers in ag geneem, is dit vanselfsprekend dat die swembad-atmosfeer des te meer sou bydrae tot 'n toenemende sosiale atmosfeer by Beaumontstraat waarin alle rassegroepe sou gedy.

Reeds vroeg in sy lewe het Bram Fischer die voorreg gehad om met 'n swembad by die huis kennis te maak, in 'n tyd toe so iets uiters skaars by privaat wonings in Bloemfontein was. In 1910 het Bram se ouers, Ella en Percy Fischer, hul droomhuis in President Reitzlaan 72, Westdene, Bloemfontein, wat aan die welgestelde winkelier, JR Adendorff, behoort het, aangekoop.[28] In hierdie huis sou Ella en Percy hulle kinders grootmaak.

Die huis sou die sosiale middelpunt van hierdie omgewing word. Ofskoon die Fischer-familie sonderling en aristokraties was, was Ella en Percy bemind en bekend vir hul vriendelike geaardheid en gasvryheid. Menige onthale en tennispartytjies sou dus deel van *Harmonie*, soos die woning bekend was, word.[29] Sodoende het Bram Fischer groot geword in 'n huis waar gasvryheid, gemoedelikheid en vreugdevolle samesyn aan die orde van die dag was, iets wat kennelik later met groot vrug na sy eie huishouding oorgespoel het. Al verskil sou wees dat by die Bram-woning alle rasse op gelyke voet ontvang en onthaal sou word, iets wat in die apartheidsjare geensins op die *Harmoni*e-woning van toepassing was nie. Bygesê, Bram se ouers het almal, van watter klas of ras ook al, met die nodige respek behandel.[30]

Ella en Percy het Harmonie ingerig om by hulle behoeftes te pas. Behalwe 'n tennisbaan, het hul ook vir hulle 'n swembad laat bou wat net so uitsonderlik

25 Clingman, p. 171.
26 *Ibid.*, p. 172.
27 "Private swimming pools": <http://en.wikipedia.org/wiki/Swimming_pool>, 24 Junie 2010.
28 A Roodt, "Laaste herehuis in Westdene", *Restorica* 24, April 1989, p. 30.
29 *Ibid*., pp. 30-36.
30 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band 653/4, lêer 3. E Fischer – B Fischer, 9 Maart 1932; VAB: A328 (PU Fischer-versameling), band 328/14, huldeblyk uit regskringe, 13 Junie 1957.

vir daardie jare was.[31] Vir die kinders was Harmonie ’n ware veilige hawe waarna hul as volwassenes altyd met die grootste vrymoedigheid kon terugkeer om die onvoorwaardelike liefde van hul ouers te ervaar.

Vanweë sy aanklank by die kommunisme, en boonop ’n ateïs, is Bram Fischer dikwels deur sy eie mense as aartsterroris, as antichris en as uit die bose getipeer. Menige Afrikaner het hom as verraaier uitgekryt wat sy Afrikanerskap versaak het. Tot diegene kon dit moeilik deurdring dat hy ook ’n gewone mens was wat lief en leed in gesinsverband ervaar het. Sy openbare beeld is deur die jare só op die voorgrond geplaas, dat min mense weet van die innerlike stryd wat hy en Molly moes voer wat betref hul jongste kind en enigste seun, Paul Ulrich (1947-1971), se siekte, naamlik sistiese fibrose. Blykbaar is die Beaumontstraat-swembad in die eerste plek gebou om Paul tegemoet te kom sodat hy sy longe en liggaam kon oefen.[32]

Op 22 Maart 1954 is die eerste sooi vir die swembad gespit. Twee dae later het Molly aan haar skoonma geskryf en haar verbasing uitgespreek oor hoe vinnig die swembadbouery vorder op ’n erf wat wemel van werkers wat teen ’n koorsagtige spoed werskaf.[33] So opgewonde was klein Paul oor die bou van hulle swembad, dat hy nie wou skool toe gaan nie maar heeldag die bouery wou dophou. Volgens Molly was hul gelukkig, want die bure was bereid om al die rooi grond te verwyder om ’n tennisbaan op te rig. Sodoende is hul heelwat koste gespaar vir die wegry van die grond.[34] Teen die einde van daardie maand kon die water reeds ingetap word vir die eerste swem. Bram was trots op sy swembad en het sy ouers dadelik aangepor om te kom kuier sodat hulle dit kon sien. Hy het ook bygevoeg dat die water skaars ingetap was of “swarms of people” het daarop toegesak.[35]

Die swembad sou inderdaad groot byval by die Fischer-kinders, veral klein Paul, vind, sodat Bram teenoor sy ouers kon opmerk: “Paul bathes all the time he is not at school & Ruth is having a great time with her friends.”[36] In ’n stadium toe Molly oorsee was, het Bram haar juis laat weet dat hul seun dit reggekry het om ‘n lengte onder water te swem en dat hy haar graag daarmee wou verras wanneer sy terug is.[37]

---

31 H Haasbroek, “Bram Fischer – A tale of three houses”, *ToGOTo* 31, 2010, p. 35.

32 H Haasbroek, “Bram Fischer en ’n seun soos Paul”, *Culna* 63, November 2008, pp. 23-24. Paul het van kleinsaf ‘n aamborstigheid gehad wat nie wou verdwyn nie. Dit het later in ’n kroniese gehoes omgesit. Hy is met sistiese fibrose gediagnoseer, ’n resessiewe genetiese kwaal wat onder meer veroorsaak dat die longe met dik slym opgevul word wat nie wil verdwyn nie. Paul se lewensverwagting was ses jaar, maar hy het moedig deur die lewe voortgebeur en eers in 1971 op 23 jaar te sterwe gekom, wat voorwaar ’n mylpaal was. Hierdie ouderdom het hy stellig bereik omdat sy ouers hom so deeglik onderskraag het.

33 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band 653/2/2, lêer 5. M Fischer – E Fischer, 24 Maart 1954.

34 *Ibid*. M Fischer – E Fischer, 24 Maart 1954.

35 *Ibid*., band 653/1/4, lêer 1. B Fischer – Ouers, 8 April 1954.

36 *Ibid*. B Fischer – P en E Fischer, 8 April 1954.

37 Clingman, p. 220.

Aangesien 'n swembad in daardie tyd nog nie so algemeen by privaat wonings was nie, het dié gerief by die Fischers voorwaar groot aftrek uit verskillende oorde gekry. As gevolg van hulle gevestigde oopdeur-beleid teenoor almal, het die swembad nou des te meer tot 'n toeloop gelei. Geen wonder nie dat Molly in 'n stadium sou opmerk: "It is very hot & the swimming bath is a joy to all of us & all the little boys of the neighbourhood as well. Ruth & Bram even had a swim at 10 o'clock last night."[38] Op 'n keer moes Bram laatnag deur die venster skree dat hulle minder moes lawaai, hy het belangrike werk om vir die volgende dag se hofsaak af te handel.[39]

Bram was self 'n ywerige swemmer en selfs die winterkoue kon hom nie uit die water hou nie. In 'n sekere sin was die swembad ook vir Bram 'n konneksie met sy persoonlike en openbare lewe van durf. Hy sou sonder enige huiwering vroeg in die oggend kop-eerste bollemakiese in die koue swembadwater slaan, so het sy skoonseun, Anthony Eastwood, dit in herinnering geroep.[40] Ofskoon Bram nie dieselfde bravade van sy gesin verwag het nie, het hy hulle gemaak ernstig aangegluur as hulle nie ook in die lente en herfs wou swem nie, want het hulle dan nie strykdeur by hom geneul oor 'n swembad nie? Wanneer Bram in die omgewing was, het Molly haar skoonouers in ligte luim meegedeel, het hulle gedwee 'n keer of wat ingespring, voordat Bram dalk sy dreigement uitvoer en die bad met sand opvul of in 'n komposhoop omskep: "It really is very pleasant once the first schock is out."[41]

Met die voltooiing van die swembad was die SAKP reeds ondergronds, maar steeds erg bedrywig, met Bram as een van die leiers. Ofskoon die Fischer-gesin oor die algemeen 'n doodgewone middelklas-lewenstyl soos baie ander in die noordelike omgewing van Johannesburg gehandhaaf het: gerieflike dubbelverdieping-woonhuis, groot tuin met swembad, etlike bediendes in diens en vakansies by die see of wildtuin, het die veiligheidspolisie nie die vrede vertrou nie. Die bedrywighede by die Fischer-woning en die stories wat weldra sou rondlê oor die "ongehoorde" gemengde swemmery van alle rasse by hulle swembad, sou deurgaans die indruk van die linkse sentimente van die Fischers na buite uitdra. Die veelrassigheid by die swembad het die Fischers vanselfsprekend nie aan die groot klok gehang nie, in ag genome die apartheidstelsel wat in die land geheers het en dat hulle as kommuniste reeds in die visier van die owerheid was.[42] Beaumontstraat het 'n gesogte teiken vir polisieloervinke geword.

Waar die Fischers gewoonlik in hul Beaumontstraat-woning linksgesindes en aktiviste, wit en swart, te alle tye met ope arms aan huis verwelkom het, het die swembad 'n toeloop uit dié geledere aangewakker. Die swembad was inderdaad die

38 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band 653/2/2, lêer 7. M Fischer – E Fischer, 5 Oktober 1956.
39 Clingman, p. 221.
40 *Ibid*., p. 220.
41 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band A653/2/2, lêer 6. M Fischer – P Fischer, 19 Maart 1955.
42 Clingman, pp. 220-221.

middelpunt van vele linkse sosiale byeenkomste by die Fischers. Vir hulle was die swembad ’n simbool van ’n nuwe Suid-Afrika waar almal, ongeag van kleur vrylik kon meng. Die huis en sy swembad het vir hulle ’n *struggle*-simbool geword.[43]

Clingman (Bram se biograaf) sou tereg opmerk:

> “Yet beyond functionality, or occasional exhaustion, the pool took on symbolic overtones, for all the political family came to swim, and it became the mirroring element of other possibilties … In a world of apartheid’s fetishisms the pool at Beaumont Street was in the most easy way multi-racial, so that its liquid absolutions would combine the amniotic with the amnesiac, and the scandal of varied skins immersed in the same lazy water could simply be forgotten. There, together in that pool, a new kind of South Africa could be represented, all the more outrageous to white puritanism for its refusal to be anything more than ordinary.”[44]

Bram se *struggle*-kamerade sou dekades later in ’n dokumentêre TV-program nie nalaat om hulle oor die swembad uit te spreek nie. So het George Bizos nog eens opgemerk dat, aangesien daar beperkte swembadgeriewe vir swartes was, talle mense uit die townships hulle gewoonlik op ’n Sondag na die Fischer-huis gewend het om te gaan afkoel.[45]

Dit het baie beteken vir mense soos Paul en Adelaide Joseph, ou strydrosse in die South African Indian Congress, nie net omdat daar nie openbare fasiliteite vir hul families in Johannesburg was nie, maar omdat die ondersteuning en welwillendheid wat die atmosfeer by Beaumontstraat 12 geadem het, die Fischer-swembad ’n aangename en opbeurende plek gemaak het. Paul Joseph het niks daarvan gedink om in die nag en in die geheim ’n kameraad, wat onwettig in die land was, na die swembad vir swemlesse te bring nie. Die aktiviste, Fred en Sarah Carneson, het prontuit verklaar dat die huis en sy swembad deel van die *struggle* was.[46] En oor alles het Bram sy seën uitgespreek.

Bram het treffend daarin geslaag om met die nodige sjarme ongemaklikhede by die swembad te hanteer wanneer sy kinders maats oornooi wat moontlik ongemaklik met apartheidslose omstandighede kon wees. So kon hy, sonder om ’n Indiër-familie enigsins in die gesig te vat, hulle oortuig om die swembad te verlaat en later terug te kom. Hulle het begrip gehad vir die moeilike posisie waarin Bram hom bevind het om in apartheid-Suid-Afrika dapper sy deur vir almal oop te gooi.[47]

Linkervleuel-politiekery by die swembad het nie bestaande “koloniale tradisies” verdring nie; dus is tee en bier nogal in groot hoeveelhede langs die bad

43 *Ibid*., p. 221.

44 *Ibid*.

45 *Love, communism, revolution and Rivonia  Bram Fischer*’s *story* (DVD – M-Net), 24 September 2007.

46 Clingman, p. 121.

47 *Ibid*., p. 224.

verorber.[48] Molly moes maar deur alles geduldig reg staan met verversings, terwyl Bram die ware gasheer was: vriendelik en opreg-belangstellend.[49]

Molly het haar lot by haar skoonouers bekla dat die swembad-bedrywighede en die uittrap van hulle drumpel soms neig na Muizenbergstrand in hoog somer, so uitbundig gaan dit. Hoe het sy nie soms gewens vir ’n reënerige Sondag nie.[50] Op haar beurt het Ella ook nie gehuiwer om haar seun aan te spreek omdat hy Molly veral Sondae so hard by die swembad laat werk het om na al die gaste om te sien nie. Dít, terwyl hy ’n ieder en elk wat regshulp nodig gehad het, daarmee in die gerieflike omgewing van sy huis gehelp het. “Kom vir ‘n slag weg van alles saam met jou gesin en rus”, sou sy haar seun aanspreek.[51] Bram het juis in ’n stadium, toe Molly terugkeer van ’n Europese toer, opgemerk dat sy sekerlik ’n paar dae ruskans verdien om langs ’n swembad te ontspan. Maar, sou hy tong-in-die-kies byvoeg, solank dit net nie hulle “bedrywige” swembad is nie.[52]

Molly en die kinders het vergeefs gemor oor die gedurige “politieke” inval in hul tuiste en na die swembad, want Bram het ’n dowe oor gedraai. Ilse het daarop gewys dat haar pa baie lojaal teenoor sy kamerade was en dat as jy sy politieke denkrigting nagestreef het, hy jou omtrent enigiets sou vergewe.[53]

Wit puriteine het vanselfsprekend met ’n opgetrekte bolip ernstig gefrons oor al die Beaumontstraat-aktiwiteite, veral die baldadigheid by die swembad, waar wit en swart vrylik gemeng het. Die “oop”-swembad-beleid, asook die Nora-geval, het beslis nie bygedra om anti-Fischer-gevoelens uit talle behoudende oorde te temper nie. Die saamtrek van soveel swart mense by die Fischers se swembad het van die bure in die omtrek aanstoot gegee, het Ahmed Kathrada (bekende aktivis en Rivonia-aangeklaagde) bevestig, maar Bram en Molly het dit geïgnoreer.[54]

Nadine Gordimer, Nobelpryswenner vir letterkunde in 1991, se roman *Burger’s daughter* sou in 1979 verskyn. Die verhaal was geskoei op die lewe van die Fischers met die hoofkarakter Rosa Burger (Ilse) wie se pa Lionel Burger (Bram) was. Die openingsin van die binneflapteks lees kenmerkend: “Rosemarie Burger’s identity is inexorably bound up with the deeds of her father, who died not in war but in prison in his own country for ideas that made him a hero in the eyes of many yet also branded him a traitor.”[55] Baasie, ’n swart seun wat by die Burger-familie gebly het, en ’n toeloop na die Burgers se swembad op Sondae, figureer ook in die

48 *Ibid.*, pp. 220-221.
49 Meredith, pp. 35-36.
50 Clingman, p. 220; Meredith, p. 35.
51 VAB: A653 (Bram Fischer-versameling), band A653/4, lêer 7. E Fischer – B Fischer, 17 April 1963.
52 Clingman, pp. 220-221.
53 *Ibid.*, p. 224.
54 *Love, communism, revolution and Rivonia Bram Fischer*’s *story* (DVD – M-Net), 24 September 2007.
55 N Gordimer, *Burger’s daughter* (Londen, 1979).

boek, min of meer in ooreenstemming met die Fischers se lewensverloop. *Burger's daughter* sou een van Mandela se gunstelingboeke word om te lees.[56]

## 4. SOMBERHEID OMHUL FISCHER-HUIS

Ofskoon die Fischer-huis vreugdevolle gesinsamesyn uitgestraal het, die gesellige bymekaarkomplek van linksgesindes en anti-apartheidsaktiviste uit alle rassegroepe was, vele partytjies en onthale opgelewer het om onder meer kommunistiese aktiwiteite te herdenk en 'n plek was waar familie en vriende na hartelus kon kuier en gasvry ontvang is, het daar soms 'n somberheid in die Fischer-huishouding geheers. Deur die mag tot sy beskikking te benut, het die NP-regering en sy veiligheidspolisie in die sestigerjare voortgegaan om die ondergrondse verset, soos onder meer vergestalt in die SAKP, teen die apartheidsregering meedoënloos ongedaan te maak. Reeds in Julie 1953 het die eerste polisieklopjag op die Fischer-woning plaasgevind op soek na onwettige dokumente en pamflette.[57] Dit was hierdie tendense wat al hoe meer die gemoedelike stemming in die Fischer-huis vertroebel het.

Aan die begin van die sestigerjare van die vorige eeu het die polisie, onder die noodtoestand wat in die land na die Sharpeville-slagting afgekondig is, voortgegaan om aktiviste aan te keer, wat die getal aangehoudendes op duisende te staan gebring het. Onder die sleutelfigure wat onder verdenking was, sou weer eens Nelson Mandela wees, wat aanvanklik daarin kon slaag om arrestasie te ontduik. Joe Slovo is gearresteer, maar sy vrou, Ruth First, het met haar drie kinders na Swaziland gevlug. Ook Oliver Tambo en Yusuf Dadoo het landuit gewyk.

Almal het gedink dit sou Bram wees wat gearresteer sou word vir sy kommunistiese aktiwiteite, maar in April 1960 was dit sy vrou. In die vroeë oggendure is op Beaumontstraat toegeslaan en Bram en die kinders moes geskok toekyk hoe Molly aangekeer word. Bram is blykbaar oorgesien omdat dit 'n internasionale verleentheid vir die regering sou wees as 'n verdedigingsadvokaat in die bekende Hoogverraadverhoor (onder die beskuldigdes was Nelson Mandela en Walter Sisulu) wat toe nog aan die gang was, aangekeer word. Molly was nie juis in hierdie tyd aktief in weerstandaksies nie, omdat sy blykbaar aandag aan Paul se versorging gegee het. Maar die owerheid was vasberade om alle sogenaamde weerbarstiges op hulle lys aan te keer.[58]

---

56 A Sampson, *Mandela – The authorised biography* (Johannesburg, 1999), p. 329.
57 Meredith, pp. 36, 43.
58 Clingman, pp. 265-266.

Molly is in die Fort, op ’n koppie naby sentraal Johannesburg, as nommer 417/60 aangehou.[59] Vir die eerste keer sou die Fischer-kinders ’n ouer in die tronk moes besoek, maar vir hulle was dit nie ’n te oorweldigende skok nie, omdat hulle ’n geruime tyd al op so iets bedag was. Kinders onder 16 is nie toegelaat om aangehoudendes te besoek nie. Later sou ‘n toegewing aan Paul gemaak word. Aanvanklik kon hy dus net per brief sy liefde aan sy ma verklaar. Daar is juis deur vriende opgemerk hoe goed die kinders die moeilike situasie hanteer en dat die hele familie baie trots op hulle kon wees.[60]

Aanvanklik het Molly alles gelate aanvaar en in haar briewe aan haar gesin en Ella ’n dapper front voorgehou dat dit met haar goed gaan en dat hulle hul nie oor haar hoef te bekommer nie. Maar soos die tyd aangestap het, is dit verstaanbaar dat emosies sou begin hoog loop. Sy het haar eindeloos oor haar seun se gesondheid bekommer. Einde Junie 1960 is Molly vrygelaat.[61]

Die wêreldbekende Rivonia-verhoor, waarby Bram as leiersadvokaat betrokke was, het groot stres op die Fischer-huishouding geplaas. Die verhoor het onder sterk polisiebewaking van Oktober 1963 tot Junie 1964 in die Paleis van Justisie in Pretoria geduur.[62]

Molly was ’n onontbeerlike hulp vir haar man en sy span. Hy het geweldig op haar staatgemaak, nie net vir praktiese hulp in die saak nie, maar vanselfsprekend ook emosioneel. Molly het in ’n stadium opgemerk dat Bram hom doodwerk omdat die las van die verhoor hoofsaaklik op hom as leier van die regspan neergekom het. Die arrestasie van die kommunistiese leiersfiguur, Denis Goldberg, se vrou by die Fischers se swembad vroeër het hulle verder ontsenu. As ons alkoholiste word, het sy Ruth meegedeel, sal julle weet hoekom!

Bram se toenemende werkslading namate die saak gevorder het, waaronder ook die invordering van fondse vir die verdediging deur onder meer aan talle oorsese simpatiseerders te skryf, het meegebring dat Molly al hoe meer ’n gevoel van eensaamheid ervaar het. Daarbenewens was heelwat van haar vriendekring óf bannelinge, óf in die tronk, óf kon nie gekontak word nie uit vrees om hulle te inkrimineer. Behalwe dat sy steeds aan besoekende aktiviste en kamerade aan

59 Die Fort was ’n Boerevesting wat dateer uit 1899. Dit is as tronk opgerig, maar moes terselfdertyd as fort dien om die stad te beskerm. Deur die jare sou bekendes soos Walter Sisulu en sy vrou, Albert Luthuli, Winnie Mandela, Barbara Hogan, Joe Slovo, Mahatma Ghandi en Nelson Mandela hulle weg na dié gevangenis vind. Die 1914-rebelle, waaronder generaal De Wet, het ook hier tronkstraf uitgedien. Vandag is die tronkgedeelte ’n museum, terwyl ’n nuwe gebou op die terrein die Konstitusionele Hof huisves. Sien HDB de Villiers, “Die Johannesburgse Fort”, *Restorica* 18, Oktober 1985, p. 6; “Fort”: <http://www.ekala.co.za/constitution-hill.html> 11 Februarie 2010.

60 Clingman, pp. 266-273.

61 *Ibid*., pp. 269-275.

62 Meredith, p, 83. Die sleutelleiers van die *struggle* is verhoor en Nelson Mandela is onder meer lewenslange tronkstraf opgelê nadat Bram Fischer ‘n groot bydrae gelewer het om die doodstraf af te weer.

Beaumontstraat moes aandag gee, moes sy ook na die behoeftes van gevangenes en hul families omsien. En bowenal het sy Bram met navorsing gehelp vir die verhoor.[63]

Die spanning het behoorlik op hulle begin tel. Hulle het geweet Bram se optrede in die hof kon lewe of dood vir Mandela-hulle beteken. Bram het inderdaad slaaplose nagte beleef uit vrees dat die doodstraf opgelê sou word.[64] Hulle moes verder onder die stres gebuk gaan dat hul klandestiene aktiwiteite by hul huis in Beaumontstraat, om die onwettige Kommunistiese Party te bevorder, enige oomblik deur die veiligheidspolisie uitgesnuffel kon word. Bram was immers steeds leier, oftewel voorsitter en penningmeester, van die sentrale komitee van die party. Daarbenewens was Beaumontstraat ook dikwels die bymekaarkomplek van Bram se span om die Rivonia-saak te bespreek.[65] Die vrees vir afluistering het gesprekke in die tuin, of in vertrekke waar die radio kliphard speel, genoodsaak. Molly het soos gewoonlik reg gestaan met verversings en ondersteuning. Sy het aan haar dogters geskryf dat Johannesburg ’n opwindende stad is om in te woon, maar dat sy soms wens sy kon in Timboektoe rus en vrede gaan vind.[66]

Die ergste van alles was seker dat Bram sy kamerade in die beskuldigdebank verdedig het sonder om ’n oog te knip terwyl hy, ironies genoeg, enige oomblik ontmasker kon word as een van die leiers van die mense wat hy verdedig het.[67]

Die somberheid van die Fischer-huishouding het toegeneem met die skielike dood van Molly. Bram het skaars die dood van sy ma verwerk of dié tragiese gebeure het oor sy lewenspad gekom. Die dood van Molly vier maande na Ella se afsterwe het hom verpletter gelaat. Die twee vroue, wat vir hom alles in sy lewe beteken het, is binne ’n kort tydsbestek uit sy lewe geruk.

Op 13 Junie 1964 het Bram, Molly en ’n baie goeie vriendin na Kaapstad vertrek. Die tog is enersyds aangepak as ’n blaaskans na die uitputtende Rivonia-verhoor, en andersyds om saam met Ilse, toe ’n finale jaar BA-student aan die Universiteit van Kaapstad, haar 21ste verjaarsdag te vier. Bram het bestuur toe hy naby Ventersburg vir ’n bees moes uitswaai en die motor in ’n spruit beland het, waarna Molly verdrink het.[68]

Bram sou hom die res van sy lewe verwyt oor die ongeluk wat sy vrou se lewe geëïs het. Ofskoon hy merendeels daarin sou slaag om sy emosies in toom te hou en eerder om te sien na ander wat deur haar dood geraak is, het hy tog soms bitterlik geween en in die huis gedwaal terwyl hy prewel: “My arme vrou.”[69] George Bizos onthou dat na Molly se dood Bram min regswerk gedoen het. Aangesien baie van

---

63 H Haasbroek, “Die advokaat se vrou”, *Rooi Rose*, Julie 2008, p. 208.
64 J Joffe, *The Rivonia story* (Bellville, 1995), pp. 37-38.
65 H Bernstein, “A gallant symbol of resistance to apartheid”, *National Guardian*, 5 Junie 1965, p. 7.
66 Clingman, p. 310.
67 Ludi & Grobbelaar, p. 48.
68 Haasbroek, “Die advokaat se vrou”, p. 208.
69 Clingman, p. 334.

sy intieme vriende en kamerade verban of in die tronk was, het die gebruiklike namiddag-toeloop van besoekers na Beaumontstraat afgeneem. Die enkeles, soos Bizos, wat steeds kom inloer het, het gevind dat die leemte wat Molly gelaat en die terugslag wat die *struggle* beleef het, op Bram se gesig afgeteken gestaan het. Hy het selde geglimlag en dikwels uitdrukkingloos voor hom uitgestaar, maar tog 'n sweem van sy ou sjarme behou en dikwels na die welstand van besoekers se familie uitgevra.[70] Daar was ook diegene wat later geskinder het dat hy "skisofrenies" is en ondeurdagte besluite neem.[71] Dít het alles vanselfsprekend 'n hartseer skaduwee oor die eens gemoedelike Fischer-woning gewerp.

In Julie 1964 het 'n spesiale eenheid van die polisie op Beaumontstraat 12 toegeslaan. Hoewel te wagte, was dit nogtans 'n ontstellende ervaring vir die Fischers.[72] Bram is in kennis gestel dat hy volgens die 90-dae-wetgewing aangehou word. Vir sowat vier ure lank is die huis deursoek. Hierna is Bram na die veiligheidspolisie se hoofkwartiere, The Grays, geneem en vandaar na sy kamers by Innes Chambers, hoofkwartiere van Johannesburg se regslui. Die polisie het die hele vloer afgebaken terwyl hulle sy kantoor deurgesnuffel het. Met verbystering het kollegas, omstanders en kennisse toegekyk hoe 'n eens geëerde kollega se heiligdom sonder seremonie binnegedring word.[73] Met hul ma dood en hul pa in die tronk het Ruth, Ilse en Paul die omstandighede as onwerklik en absurd, selfs klugtig, beleef.[74] Bram is net minder as drie dae aangehou en toe skielik vrygelaat.[75]

Op 23 Desember 1964 is Bram kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme weer gearresteer by sy kamers in Johannesburg. Tydens die hofsaak wat gevolg het, het hy besluit om ondergronds te gaan en op 25 Januarie 1965 het hy nie by die landdroshof in Johannesburg opgedaag nie. Bram Fischer se afskeid van sy Beaumontstraat-woning, waar hy oor 'n tydperk van nagenoeg 'n halfeeu soveel lief en leed op verskeie vlakke beleef het en soveel kere met *struggle*-leiers apartheid verdoem het, moes kennelik vir hom geweldig emosioneel gewees het. Vir oulaas het hy die huis en tuin bewonder met die besef dat hy die bekende vir goed gaan agterlaat. Op 'n ietwat dramatiese wyse het die kommunistiese leier 'n laaste verskietende blik van sy woning gekry terwyl hy plat op die agterste sitplek van 'n Volkswagen Kewer, bestuur deur sy dogter Ilse, gelê het om tydens sy vlugpoging polisieloervinke te fnuik.[76]

---

70 Bizos, p. 296.
71 F Wilson (red.), "Bram Fischer: Son of Africa", *South African Outlook* 105(1248), Mei 1975, p. 67.
72 Clingman, p. 331.
73 *The Cape Argus*, 9 Julie 1964; *Die Burger*, 10 Julie 1964.
74 Clingman, p. 332.
75 *The Friend*, 14 Julie 1964.
76 *The Friend*, 26 Januarie 1965; Meredith, p. 116; Clingman, p. 363.

Ilse het die hartseer taak gehad om die familiehuis op te ruim en Bram se besittings uit te sorteer sodat die huis verhuur kon word.[77] Later, met Bram in die tronk, is die Fischer-woning kort na Paul se dood in 1971 verkoop. Die vae hoop dat hulle weer eendag almal daar sou kon woon, het vervaag. Bram het goedig uit die tronk aan Ilse geskryf dat die nuwe eienaar, ene Hall, hom daarvan moes weerhou om bome uit te haal, want die risiko is daar dat hy dan voorwaar by die huis hieroor sou kom spook.[78]

## 5. SWEMBAD DUIK OP IN FISCHER-VERHOOR

Gerard Ludi het as informant, oftewel spioen van die veiligheidspolisie, die binnekringe van die SAKP geïnfiltreer met as taak om dié party en sy leier, Bram Fischer, te ontmasker. Hy het uiteindelik daarin geslaag. Nadat Bram aangekeer is, was Ludi uiteraard ’n sleutelgetuie in die Fischer-verhoor.[79]

Gerard Ludi se getuienis was besonder inkriminerend, by tye opspraakwekkend en afgryslik. Op die oog af het van die bewerings wat Ludi gemaak het aan die onwerklike gegrens en kon deur die verdediging afgeskiet word, maar ander het beslis groot gewig gedra en die Kommunistiese Party en sy lede groot skade berokken.

Hy het rowwe veelrassige partytjies beskryf, waarby lede van die linkse organisasies betrokke was en waar apartheidswette dikwels verbreek is. Sommige het selfs op seksorgies neergekom, het hy beweer. ’n Partytjie by Bram se woning, waar die gaste kaal in die swembad gespring het, is deur hom bevestig.[80]

Ludi het van die gebeure in sy eie woorde só opgesom: “Dit het hemelsbreed verskil van die gewone Saterdagaand-partytjies waaraan ek gewoond was. Verskeie nie-blankes was teenwoordig, terwyl die meeste ander gaste vir my so ’n bietjie ‘snaaks’ voorgekom het. Sommige het my in politieke gesprekke probeer intrek. Almal het duidelike linkse opvattings gehad.” En oor die gasheer, Bram Fischer: “Ons groet mekaar met die hand. Hy is kort van gestalte en sy stem is sag. ’n Grys kuif val oor sy voorkop, byna soos Hitler s’n. Hy glimlag geredelik, maar sy glimlag is soos dié van ’n skaam skoolseun.”[81] Heelwat later het Ludi vertel dat met die verloop van tyd die partytjies by Bram se huis meer openlik veelrassig en ook meer inhibisieloos geword het – “sommige partytjies het my geskok”[82] – klaarblyklik

77 Meredith, p. 122.
78 VAB: A750 (Bram Fischer-versameling - ongeorden). B Fischer – I Fischer, 29 Maart 1971.
79 H Haasbroek, “Q-018 Broeder Bond”, *Rapport* (Weekliks), 13 September 2009, p. i.
80 *The Friend*, 26 en 27 November 1964; 8, 9 en 11 Desember 1964.
81 Ludi & Grobbelaar, p. 30.
82 *Ibid.,* p. 31.

verwysende na onder meer die sogenaamde kaalswemmery by die swembad.[83] Ilse, Bram se dogter, sou dié bewering as snert afmaak.[84]

## 6. SLOT

Bram Fischer was inderdaad as progressiewe politieke denker sy tyd ver vooruit. Ofskoon dit op heelwat openbare vlakke uiting gevind het, het dit ook op sy intieme lewensterrein inslag gevind, naamlik in sy eie huishouding. Des te meer was dit ’n onomstootlike bewys dat hy as Afrikaner nie rasse-integrasie vir eie politieke gewin in die openbaar gepredik het nie, maar dat hy, deur dit in sy eie huishoudelike binnekring in te trek, geen illusie sou laat dat hy dit voluit beleef het nie.

Die Fishers van Beaumontstraat het die durf en moed gehad om in hul wit spogwoonbuurt, waar die kommunistiese ideologiese denkrigting en nie-rassige aktiwiteite die agterdog en argwaan van bure ontlok het, met hul leefwyse voort te gaan. Dit het nietemin met die nodige takt geskied om nie onnodig aanstoot te gee nie.

Daar bestaan geen twyfel dat die Fischer-huis, en veral die bou van ‘n swembad in die vyftigerjare waar wit en swart hartlik ontvang is en dit sonder voorbehoud kon benut, vanuit *struggle*-geledere gesien is as ’n simboliese weerspieëling van rasseharmonie in apartheid-Suid-Afrika. Die feit dat bekende en geëerde *struggle*-leiers soos Nelson Mandela, Walter Sisulu en Moses Kotane hulle met gemak by Beaumontstraat 12 kon tuismaak, spreek boekdele vir die gasvrye nie-rassige omvang van die huishouding.

Ofskoon die kameraderie by die Fischer-huis en -swembad geen apartheidstelsel ongedaan gemaak het nie, nie die verskuiwings van gemeenskappe gekeer het nie en geen stemreg vir die onderdruktes tot gevolg gehad het nie, het dit tog ’n inspirerende domein vir hulle verteenwoordig waar vryheid vir vlietende oomblikke geadem kon word. Die vrees dat die veiligheidspolisie om een of ander rede kon toeslaan, was egter altyd teenwoordig.

83 *The Friend*, 9 Desember 1964.

84 Onderhoud: Ilse Wilson (née Fischer), Johannesburg, 15 November 2009.